

Les 39

Teks: Johannes 21: 1 - 25

1. Inleiding

Ons fokus vandag op hoofstuk 21 van die Johannes evangelie. Daar is in akademiese kringe 'n groep wat sterk voel dat hierdie hoofstuk nie aanvanklik deel was van die oorspronklike evangelie nie. Maar dan is daar natuurlik ook n kant wat die historisiteit van hoofstuk 21 verdedig. Ons gaan vervolg kyk na 'n paar belangrike sake uit hoofstuk 21. Natuurlik sake wat beide kant gebruik om hulle argumente ook te sterk.

2. Die taalgebruik

Die teoloog Rudolph Bultmann reken daar is ten minste 28 nuwe woorde in hoofstuk 21. Hierdie woorde word dan ook nie in die res van die Johannes evangelie aangetref nie. Maar uiteindelik sal selfs die mees geharde verdedigers van hierdie standpunt erken dat die taal en woordgebruik nie genoegsame rede is om hierdie hoofstuk aan 'n ander outeur te koppel nie.

3. Die einde van hoofstuk 20

Baie reken dat Johannes 20 op so 'n hoë noot eindig dat iets daarna eintlik afbreek doen aan die boodskap. Jesus het klaar uit die dood opgestaan, die hemelvaart is aangespreek, die Heilige Gees is belowe en die groot opdrag is gegee. Daar word gevra wat meer kan gesê word.

Tog is daar bietjie sinergie wat die ander evangelies eindig ook nie bloot net waar Jesus uit die dood opgestaan het nie. Ons lees ook in hulle dat Jesus aan die dissipels verskyn en konkrete sendings opdragte gee.

4. Wat kan hoofstuk 21 dan by voeg?

In lyn met die idee dat die klimaks eintlik in hoofstuk 20 bereik word, word daar soms gevra maar wat kan hoofstuk 21 nou eintlik byvoeg by die boodskap. Ons kyk na die volgende punte wat bygevoeg word:

1. Petrus se verhouding met die Jesus word herstel. Hy word dan ook uitgestuur met die groot opdrag. Dit is 'n belangrike onopgeloste saak, wat opgelos word.
2. Daar is vir ons beskrywings oor Petrus en die geliefde dissipel wat veral hulle karakters ontwikkel in lyn met die res van hulle lewe, bekend aan ons.
3. Petrus se dood wat waarskynlik alreeds plaasgevind het, toe hierdie evangelie geskryf is, word vir ons 'n voorbeeld van hoe geloof uitgeleef moet word, selfs in moeilike omstandighede.
4. Ver al ook die kontras tussen die dood van Petrus en die lang lewe van Johannes, versterk die gedagte tussen die nou alreeds en dit wat uiteindelik nog voorlê.
5. 'n Belangrike les wat die kerk moet leer is dat Christus ons altyd vooruitgaan en versorg, soos Hy hier met die dissipels doen in hoofstuk 21.
6. Die missie van die kerk word versterk
7. Die Heilige Gees word steeds nie genoem nie

8. Daar is nog 'n sterk verwysing en aanduiding na die geliefde dissipel.

5. Geen tekskritiese bewyse nie

Daar is geen tekskritiese bewyse al ooit gevind dat hoofstuk 21 wel later bygevoeg is nie. Met ander woorde daar is nog nooit 'n antieke weergawe van die Johannes evangelie ontdek waarin hoofstuk 21 nie voorgekom het nie. Ook intern is daar geen aanduidings dat teks verander en hoofstuk 21 ingevoeg is nie.

6. Gevolgtrekking

Hierdie oorwegings sal deur verskillende mense verskillend geweeg word. Maar die getuienis ten gunste van 'n oorspronklik integrale Evangelie wat hoofstuk 21 bevat, lyk redelik ferm, daarom is dit ook die siening word veronderstel word deur ons.

7. Teks met teks vergelykings

1. Matt 28: 16 - 20
2. Mark 16: 14 - 20
3. Luk 24: 36 - 53
4. Hand 1:3
5. Hand 10: 41
6. Hand 20:28
7. 1 Pet 5:2

8. Vrae

1. Wat sê die spesifieke taalgebruik van 'n bybelteks vir u vandag?
2. Wat is die klimaks in die evangelies, en moet dit die einde wees?
3. Wat is vertroostend aan die gebeure met Petrus?
4. Wat is vertroostend aan die gebeure met Johannes?
5. Watter eienskap oor hoofstuk 21 vandag bespreek word weerspieël in my geloofslewe vandag?

9. Bronne

Carson, D. A. (1991). [*The Gospel according to John*](#) (p. 666). Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.